My vetsak volk

Die Departement van Gesondheid ry die arme anti-rook bulletjie in die grond. Nuwe wetgewing probeer al meer om die rokers onder ons aan bande te lê en eersdaags het tabakboere en -verwerkers geen werk. Geen aksyns inkomste meer vir die staat, maar ‘n massiewe smokkel bedryf en sigaret boewery. Het hulle destyds met dieselfde *gusto* die HIV/VIGS kwessie aangepak, kon die Minister van Finansies dalk teen die tyd ‘n paar ekstra krediet punte in landsbelang op sy telraam byvoeg. Maar nee, ons kies die sagste teiken as weerligafleier. Anti-rook wetgewing is baie makliker. Vigs is ‘n saak van geloof en vrye keuse en geheim, en beet groei baie maklik. Van vetsug, ons groot gesondheidsprobleem, word nie ‘n woord gehoor of iets aan gedoen. Geen anti-vet gesprek, bosberaad, beleid of wetgewing is in sig.

Net soos rook is obesiteit ongesond.. Vir jou en almal om jou. Jou hart en longe werk swaarder, bloedvat en verskeie ander siektes kan jou dood beteken. Ons sê maklik vetsug is 'n siekte. Dit is. 'n siekte van 'n ongedissiplineerde eetgewoonte, ja. ’n Siekte wat weinig simpatie verdien. Vet is nie mooi nie. Vet is morsig. Vet vernietig selfbeeld. Vet is nie produktief nie. Vet gee chirurge kopseer en laat operasie tyd verdubbel. Vet mors tyd van dokters en geld van mediese fondse.

Motors en taxi’s vol swaar mense gebruik meer brandstof om op dreef te kom, bande loop vinniger af en rem vellings werk swaarder. Met hoër momentum is dit moeiliker om te stop – ongelukke erger. Slytasie verhoog. Vet mors geld en basiese grondstowwe, verhoog industriële afval en bevorder aardverwarming daarby. Vet besoedel die omgewing en die horison.

Groot gewig beteken groot liggaamsoppervlakte, beteken meer materiaal om die skaamte te bedek, beteken meer invoere uit China, beteken ‘n swakker handelsbalans, beteken ‘n Minister van Handel met sooibrand. Wat nog? O, ja. Meer katoenplante en gif vir hulle welstand. Meer kosbare vog van die sywurm gemors. Ook meer ink om mooi helderkleurige patrone op materiaal te druk. Meer elektrisiteit vir die drukperse. Meer olie verbrand.

Vetheid maak inbreuk op die persoonlike ruimte van almal. Op busse, treine en vliegtuie neem een ou vette die ruimte en gemak van twee maeres. Let op hulle betaal dieselfde prys maar hul vliegtuig vreet liters meer brandstof en laat ‘n paar ekstra milligram kweekhuis gasse agterna op pad London toe. Hoop eendag sal elke ou saam met sy bagasie op die skaal klim en betaal vir oorgewig. Ja, gee vir die ou dikkes ‘n beter sitplek hier in die middel rond vir beter balans.

Wat kan ons regering dan doen? Dit is mos altyd hulle skuld. Hulle moet die probleem aanspreek. Die rook-verskrik manne en vroue van Gesondheid behoort hulle oormaat van energie aan nuwe anti-vet strategiese beplanning en wetgewing te wy. Daar is baie moontlikhede vir die kreatiwiteit van hierdie knoffel verrykte departement. Dinge soos ‘n toeslag op persoonlike belasting, om maar een te noem? Hoe vetter vent en voller die beurs, hoe frisser die belasting verpligting? Op die vet SARS-vorm is daar tog plek vir nog één vragie: Totale massa van gesin. (kg, nakend. Heg gesertifiseerde bewys aan...).

Ons *NDoH* moet bo begin. Ten minste moet hul die leierskap oortuig om ‘n beter voorbeeld te stel. Geen lywige parlementariërs sal meer aan die publiek vertoon word. Dit wys hoe dik die sous in die trein werklik loop. Alle TV uit die parlement sal in *wide screen* opgeneem word en normaal gebeeldsend word. *DST, IDC, NRF* en *BBEEE* sal saamspan vir nuwe tegnologie wat jou TV met ‘n *body shape*-verstelling sal toerus. Gratis *retro-fit kits* vir die armes; *remote control* vir die res.
Wat ons met ons oorgewig weermag, polisie en tronkpersoneel gaan doen weet nugter. Hulle laat niemand hul rond order en maak soos hul wil. Al gesien hoe hol so ‘n vetstert ‘n dief agterna? Tripple-D boude in ‘n double-D broek

Maar pasop! As die Departement eers wakker skrik en besef daar is persoonlike gewin in, sal hul veel vêrder gaan om vet te beveg, wees verseker. Big Brother in diens neem teen helse tantieme maar met die belofte van wins elders.

Suiker sal ‘n beheerde produk moet word soos tabak, drank en dagga, met streng beheerde inhoud- en verpakking voorskrifte. Aksynsbelasting op alles wat met suiker verryk is, sal handige meevaller vir die Ontvanger wees. Etikette kompleet met waarskuwings oor die gevare van oordadige gebruik van soetgoed of sommer net vreet.

Ouers sal verantwoordelik gehou word vir hul kinders se inname van suiker. Tronk toe as jou kinders te energiek of te vet is. Bloedtoetse by padblokkades en sal immers gou bepaal of ma oortree. By skole sal snuffelaars soggens nie net verdowingsmiddels, gewere en selfone konfiskeer nie, maar ook lekkers. Snoepies sal soppies word en stokkielekkers smokkelware.

Wat maak dit nou saak as ons die suiker bedryf ‘n gevoelige knou toedien en boere honderde werkers afdank Die boere wíl mos. Ons gaan tenminste vir die wêreld wys ons het die probleem van obesiteit aangespreek, whatever die gevolg. Ons gaan die ekonomie stimuleer met ‘n hele nuwe reeks produkte sonder suiker. Vloer spasie in kettingwinkels gaan verdubbel. Slegs winkels met ‘n spesiale lisensie sal suiker-goed soos koeksisters, roomys, Hertzoggies en fudge verkoop en slegs ‘n derde van die rakspasie mag afstaan aan sulke sondigheid. Die tuisnywerheid en die kafee op die hoek gaan ongewenste plekke vir voorbeeldige kinders word. Plekke waar ongure karakters rondhang met koeverte bruin suiker en pre-owned kougom.

Honde en bobbejane sal enigiets doen vir die soetheid van suiker, sê hulle. Die mens sal moor daarvoor, maar sy *body shape* bly ‘n taboe woord.

***

(Deur Servaas de Kock - In 2007 geskryf. Sekere dinge het verander, maar jou vet bly steeds taboe.)